# In Memoriam

## PROF. DR. D. C. S. DU PREEZ

*Die vroeë dood van prof. dr. D. C. S. du Preez is 'n gevoelige verlies vir die akademiese gemeenskap van die P.U. vir C.H.O. en Suid-Afrika, want sy belangstellings en werksaamhede het oor 'n wye terrein gelê. Die strewe na beginsel en Skriftuurlike verankerdheid het sy wetenskaplike denke 'n bepaalde kleur gegee, nl. dié van 'n ernstige Christen.*

*Hiervan kan „Koers" ook die getuienis lewer. Prof. Du Preez het sy aandeel aan ons blad gedoen. Hy was 'n hele paar jaar op die redaksie en het o.a. die veeleisende werk van sekretaris van die redaksie behartig. Van sy hand het van tyd tot tyd interessante artikels verskyn en voor sy dood het hy nog aan die redakteur 'n belofte gegee om by nabaat 'n besinning oor die sg. gesinsjaar te skryf.*

*Die Redaksie kan dus met die hoogste waardering melding maak en in dankbare herinnering roep die daadwerklike aandeel van prof. Du Preez in die bevordering van die Calvinistiese denke op sy vakgebied en in die volkslewe. Deur die genade van God was sy lewe ryk aan gedagtes en dade tot eer van Sy naam. Mag die gesin, familie en vriende van wyle prof. Du Preez dit troosryk vind.*

P.U. vir C.H.O. W. N. Coetzee.